THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R1,50 ◇ Other countries: R1,95
Verkoopprys: R1,50 ◇ Buitelands: R1,95

Vol. 237 PRETORIA, 15 DECEMBER DESEMBER 1994 No. 5069

## PROCLAMATION · PROKLAMASIE

## PROCLAMATION

**No. 42 (Premier's), 1994**

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

**GREATER NIGEL TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL**

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

**T. M. G. SEXWALE,**

Premier-in-Executive Council.

**SCHEDULE**

**Establishment of Transitional Local Council**

**1.** A transitional local council, hereunder called the Greater Nigel Transitional Local Council, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of

## PROKLAMASIE

**No. 42 (Premiers-), 1994**

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

**PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN GROTER NIGEL**

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

**T. M. G. SEXWALE,**

Premier-in-Uitvoerende Raad.

**BYLAE**

**Instelling van Plaaslike Oorgangsraad**

**1.** 'n Plaaslike oorgangsraad, hieronder die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel genoem, word, hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No.

the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), with effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the Town Council of Nigel, the Town Committee of Duduza, the Management Committees of Mackenzieville and Alra Park and the Local Area Committee of Jameson Park, which Greater Nigel Transitional Local Council shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

**Dissolution of local government bodies**

2. The Town Council of Nigel, the Town Committee of Duduza, the Management Committees of Mackenzieville and Alra Park and the Local Area Committee of Jameson Park are hereby dissolved on the effective date.

**Absolvement of functions, powers and duties of Local Government Affairs Council**

3. (1) The Local Government Affairs Council shall, notwithstanding any provisions contained in the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989 (Act No. 84 of 1989), and the Transvaal Board for the Development of Peri Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943), as from the effective date be absolved from exercising any of its functions, powers and duties in respect of the area of the Local Area Committee of Jameson Park, described in section 4.

(2) In the event of the apportionment of any assets, rights and liabilities, including the taking over of any employees in respect of the area mentioned in subsection (1) the provisions section 159*bis* of the Local Government Ordinance, 1939, shall *mutatis mutandis* apply.

(3) The provisions of section 17 shall *mutatis mutandis* apply to the taking over of any employees mentioned in subsection (2).

(4) The Greater Nigel Transitional Local Council shall for the purposes of this Proclamation as from the effective date be deemed to be the successor-in-law of the Local Government Affairs Council relating to any power, duty, asset, obligation, right and liability within the area described in subsection (1).

(5) Notwithstanding the provisions of section 159*bis* (2) of the Local Government Ordinance, 1939, all resolutions by-laws, delegations and statutory notices of the Local Government Affairs Council pertaining to the area described in subsection (1), shall as from the effective date remain in force in the area mentioned in subsection (1), until amended or repealed by the Greater Nigel Transitional Local Council.

**Area of Greater Nigel Transitional Local Council**

4. The area of the Greater Nigel Transitional Local Council comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved Town Council of Nigel as defined in

209 van 1993), vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van Nigel, die Dorpskomitee van Duduza, die Bestuurskomitees van Mackenzieville en Alra Park en die Plaaslike Gebiedskomitee van Jameson Park, welke Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), te wees.

**Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame**

2. Die Stadsraad van Nigel, die Dorpskomitee van Duduza, die Bestuurskomitees van Mackenzieville en Alra Park en die Plaaslike Gebiedskomitee van Jameson Park word hierby op die effektiewe datum ontbind.

**Kwytskelding van funksies, bevoegdhede en pligte van Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede**

3. (1) Die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede word ondanks enige bepalings vervat in die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Volksraad), 1989 (Wet No. 84 van 1989), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943), vanaf die effektiewe datum kwytgeskel van die uitvoering van enige van sy funksies, bevoegdhede en pligte ten opsigte van die gebied van die Plaaslike Gebiedskomitee van Jameson Park, soos beskryf in artikel 4.

(2) In die geval van 'n verdeling van enige bates, regte en verpligtinge, insluitend die oorname van enige werknemers ten opsigte van die gebied vermeld in subartikel (1) sal die bepalings van artikel 159*bis* van die Ordonnansie op Plaaslike Regering, 1939 *mutatis mutandis* van toepassing wees.

(3) Die bepalings van artikel 17 is *mutatis mutandis* van toepassing op die oorname van enige werknemers vermeld in subartikel (2).

(4) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel word by die toepassing van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum geag die regsopvolger van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede betreffende enige mag, plig, bate, verpligting, reg en las binne die gebied beskryf in subartikel (1) te wees.

(5) Ondanks die bepalings van artikel 159*bis* (2) van die Ordonnansie op Plaaslike Regering, 1939, bly alle besluite, verordeninge, delegasies en statutêre kennisgewings van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede wat betrekking het op die gebied beskryf in subartikel (1), vanaf die effektiewe datum van krag in die gebied vermeld in subartikel (1) totdat dit deur die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel gewysig of herroep word.

**Gebied van Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel**

4. Die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van Nigel soos omskryf by

Government Notice No. 1428 of 17 October 1912, as amended or extended, including the area of the dissolved Management Committee of Mackenzieville as defined in Administrator's Notice No. 108 of 6 August 1947 and the dissolved Management Committee of Alra Park as defined in Administrator's Notice No. 365 of 1 April 1981, the area of the dissolved Town Council of Duduza as defined in Administrator's Notice No. 1238 of 3 August 1962 and the area of the dissolved Local Area Committee of Jameson Park as defined in Official Notice No. 78 of 18 November 1992.

**Councillors**

**5.** (1) The Greater Nigel Transitional Local Council comprises 26 Councillors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall be terminated on the effective date.

(3) The persons mentioned in Annexure A, and duly nominated in terms of paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby appointed as Councillors of the Greater Nigel Transitional Local Council.

(4) Any casual vacancy arising on the Greater Nigel Transitional Local Council as from the effective date shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Executive Council within thirty (30) days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the list of additional candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, as contained in Annexure B.

**Mayor and Deputy Mayor**

6. The Greater Nigel Transitional Local Council shall, in the manner prescribed for the election of a Mayor and Deputy Mayor in sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect within 21 days after the effective date, at a special meeting of the Greater Nigel Transitional Local Council, a Mayor from the statutory component and a Deputy Mayor from the non-statutory component from the Councillors mentioned in section 5 (3).

**Allowances of Councillors, Mayor and Deputy Mayor**

**7.** (1) All the Councillors shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Councillors of the dissolved Town Council of Nigel.

(2) The Mayor and the Deputy Mayor shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Mayor and Deputy Mayor of the dissolved Town Council of Nigel.

Goewermentskennisgewing No. 1428 van 17 Oktober 1912, soos gewysig of uitgebrei, waarby ingesluit is die gebied van die ontbinde Bestuurskomitee van Mackenzieville soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 108 van 6 Augustus 1947 en die ontbinde Bestuurskomitee van Alra Park soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 365 van 1 April 1981, die gebied van die ontbinde Dorpskomitee van Duduza soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 1238 van 3 Augustus 1962 en die gebied van die ontbinde Plaaslike Gebiedskomitee van Jameson Park soos omskryf by Offisiële Kennisgewing No. 78 van 18 November 1992.

**Raadslede**

**5.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel bestaan uit 26 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, word op die effektiewe datum beëindig.

(3) Die persone in Aanhangsel A vermeld, wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel aangestel.

(4) Enige toevallige vakature wat na die effektiewe datum op die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel ontstaan, moet binne dertig (30) dae aan die Lid vir Behuising en Plaaslike Regering van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul word uit die lys van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat.

**Burgemeester en Onderburgemeester**

6. Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel verkies, binne 21 dae na die effektiewe datum op 'n spesiale vergadering van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel, 'n Burgemeester uit die statutêre komponent en 'n Onderburgemeester uit die nie-statutêre komponent uit die Raadslede in artikel 5 (3) vermeld op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n Burgemeester en 'n Onderburgemeester by artikels 16 en 17 onderskeidelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

**Toelaes van Raadslede, Burgemeester en Onderburgemeester**

**7.** (1) Al die Raadslede ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan Raadslede van die ontbinde Stadsraad van Nigel betaal is.

(2) Die Burgemeester en die Onderburgemeester ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan die Burgemeester en Onderburgemeester van die ontbinde Stadsraad van Nigel betaal is.

**Executive Committee**

**8.** (1) The Greater Nigel Transitional Local Council shall, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee.

(2) The Greater Nigel Transitional Local Council shall elect from the members of the Executive Committee a Chairperson from the non-statutory component and a Deputy Chairperson from the statutory component for the Executive Committee.

(3) The provisions of sections 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

**Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law**

**9.** (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, as from the effective date and subject to subclause (3), be transferred to the Greater Nigel Transitional Local Council.

(2) The Greater Nigel Transitional Local Council shall as from the effective date, and subject to the provisions of subsection (3), for the purposes of this Proclamation be the successor-in-law of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

(3) Any liability, debt or obligation which has been incurred by the dissolved black local government body mentioned in section 2, namely the dissolved Town Committee of Duduza, up to and including the day preceeding the effective date, other than a liability, debt or obligation which has been incurred in respect of any infrastructure that generates revenue or infrastructure which is or can be utilised by the Greater Nigel Transitional Local Council, shall devolve upon the Greater Nigel Transitional Local Council subject to the right of the national government to assume such liabilities, debts or obligations in terms of assurances made by the national government that no transitional council will inherit any external debts of the said black local government body up to the effective date.

**Regulations, by-laws and resolutions**

**10.** Subject to the provisions of this Proclamation, all regulations, by-laws and resolutions of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 which immediately before the effective date were in force in the area of the said dissolved local government bodies shall be in force in the area of the Greater Nigel Transitional Local Council, subject to any repeal or amendment of such regulations, by-laws and resolutions by the Greater Nigel Transitional Local Council.

**Uitvoerende Komitee**

**8.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel verkies, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), ingevolge artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel verkies uit die lede van die Uitvoerende Komitee 'n Voorsitter uit die nie-statutêre komponent en 'n Ondervoorsitter uit die statutêre komponent vir die Uitvoerende Komitee.

(3) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is, by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel van toepassing.

**Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger**

**9.** (1) Alle bates, laste, regte, en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel oorgedra.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel word vir die doeleindes van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), die regsopvolger van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld.

(3) Enige las, skuld of verpligting wat deur die ontbinde swart plaaslike owerheidsliggaam vermeld in artikel 2, naamlik die ontbinde Dorpskomitee van Duduza, aangegaan is tot op en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgegaan, behalwe enige infrastruktuur wat inkomste genereer of infrastruktuur wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel aangewend word of kan word, gaan op die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel oor onderhewig aan die reg van die nasionale regering om diesulke laste, skulde of verpligtinge te aanvaar kragtens versekerings gemaak deur die nasionale regering dat geen oorgangsraad enige eksterne skulde van die genoemde swart plaaslike owerheidsliggaam tot op die effektiewe datum sal erf nie.

**Regulasies, verordeninge en besluite**

**10.** Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie word alle regulasies, verordeninge en besluite van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld wat onmiddellik voor die effektiewe datum van krag was in die gebied van die gemelde ontbinde plaaslike owerheidsliggame van krag in die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel behoudens enige herroeping of wysiging van sodanige regulasies, verordeninge en besluite deur die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel.

**Budget**

**11.** The 1994/95-budget of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95-budget of the Greater Nigel Transitional Local Council until a single consolidated budget is approved.

**Representation on Regional Services Council**

**12.** Representation of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 before the effective date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985), on the East Rand Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

**Authorized local authority**

**13.** (1) The Greater Nigel Transitional Local Council shall, under the provisions of section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as from the effective date, be an authorised local authority for the purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The Greater Nigel Transitional Local Council shall, under the provisions of section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), as from the effective date, be an authorized local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

**Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939**

**14.** The Greater Nigel Transitional Local Council is hereby, as from the effective date, deemed to be a local authority as contemplated in Part II of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

**Single Local Administration for Greater Nigel Transitional Local Council**

**15.** (1) A single Local Administration is hereby established for the Greater Nigel Transitional Local Council.

(2) A permanent organisational structure for the Single Administration shall be constituted by the Greater Nigel Transitional Local Council as soon as possible after the effective date.

**Chief Executive Officer/Town Clerk**

**16.** (1) The Chief Executive Officer/Town Clerk of the dissolved Town Council of Nigel shall, for the purposes of this Proclamation, and subject to the provisions of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), and the Profession of Town Clerks Act, 1988 (Act No. 75 of 1988), be deemed to be the Chief Executive Officer/Town Clerk of the Greater Nigel Transitional Local Council as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

**Begroting**

**11.** Die 1994/95-begroting van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word, ondanks die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel te wees, totdat 'n enkele gesamentlike begroting goedgekeur word.

**Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad**

**12.** Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), voor die effektiewe datum op die Oosrand Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

**Gemagtigde plaaslike bestuur**

**13.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel word, kragtens die bepalings van artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), vanaf die effektiewe datum 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III en IV van genoemde Ordonnansie.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel word, kragtens die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), vanaf die effektiewe datum 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie.

**Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel**

**14.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel word hierby, vanaf die effektiewe datum, geag 'n plaaslike bestuur soos bedoel in Deel II van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

**Enkele Plaaslike Administrasie vir Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel**

**15.** (1) 'n Enkele Plaaslike Administrasie word hierby vir die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel ingestel.

(2) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Enkele Administrasie moet deur die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel so spoedig moontlik na die effektiewe datum saamgestel word.

**Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk**

**16.** (1) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die ontbinde Stadsraad van Nigel word by die toepassing van hierdie Proklamasie, behoudens die bepalings van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), en die Wet op die Beroep van Stadsklerke, 1988 (Wet No. 75 van 1988), geag die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel te wees, soos bedoel in artikel 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) The Chief Executive Officer/Town Clerk shall, for the purposes of this Proclamation perform all the functions, powers and duties assigned to a Chief Executive Officer/Town Clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, or resolution of the Greater Nigel Transitional Local Council.

**Employees and officers of Greater Nigel Transitional Local Council**

**17.** (1) After a permanent organisational structure as contemplated in section 15 (2) has been constituted, all employees and officers in the service of the dissolved local government bodies mentioned in section 2, and those employees and officers employed by the Greater Nigel Transitional Local Council prior to the constitution of such permanent organisational structure, shall be transferred to the Single Local Administration contemplated in section 15 (1) in accordance with the provisions of section 10 (3) (f), (i) and (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

(2) Until the employees and officers contemplated in subsection (1) have been transferred to the Single Local Administration, the employees and officers concerned shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be in the service of the Greater Nigel Transitional Local Council.

**Effective date**

**18.** This Proclamation shall come into operation on **15 December 1994.**

**ANNEXURE A**

**Nominated persons of the Greater Nigel Transitional Local Council mentioned in section 5 (3):**

STATUTORY COMPONENT

Mr Stefan Petrus Groenewald.

Mr Jan Johannes Phillippus Lehman.

Mr Johannes Phillipus le Roux.

Mr Willem Jacobus Ras.

Ms Rashida Essop.

Mr Moosa Lobs.

Mr Ramesh Kuman Dhulam.

Mr Abdullah Rocker.

Mr Willem Jacobus Dreyer.

Mr Dirk Petrus Human.

Mr Johann Frederich Wilhelm Theodore Schonken.

Dr Wiets Hermanus Steyn.

Mr Pieter Johannes Zevenster.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk oefen by die toepassing van hierdie Proklamasie al die funksies, bevoegdhede en pligte uit wat aan 'n Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander wet, of besluit van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel opgedra is.

**Werknemers en beamptes van Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel**

**17.** (1) Nadat 'n permanente organisatoriese struktuur soos in artikel 15 (2) bedoel saamgestel is, moet alle werknemers en beamptes in diens van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, en daardie werknemers en beamptes wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel in diens geneem is voordat sodanige permanente organisatoriese struktuur saamgestel is, na die Enkele Plaaslike Administrasie in artikel 15 (1) bedoel, oorgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 (3) (f), (i) en (j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(2) Totdat die werknemers en beamptes in subartikel (1) bedoel na die Enkele Plaaslike Administrasie oorgeplaas is, word die betrokke werknemers en beamptes vir doeleindes van hierdie Proklamasie geag in diens van die Enkele Plaaslike Administrasie van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel te wees.

**Effektiewe datum**

**18.** Hierdie Proklamasie tree in werking op **15 Desember 1994.**

**AANHANGSEL A**

**Genomineerde persone van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel in artikel 5 (3) vermeld:**

STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. Stefan Petrus Groenewald.

Mnr. Jan Johannes Phillippus Lehman.

Mnr. Johannes Phillipus le Roux.

Mnr. Willem Jacobus Ras.

Me. Rashida Essop.

Mnr. Moosa Lobs.

Mnr. Ramesh Kuman Dhulam.

Mnr. Abdullah Rocker.

Mnr. Willem Jacobus Dreyer.

Mnr. Dirk Petrus Human.

Mnr. Johann Frederich Wilhelm Theodore Schonken.

Dr. Wiets Hermanus Steyn.

Mnr. Pieter Johannes Zevenster.

NON-STATUTORY COMPONENT

Marcello Grassini.

Tommy Oliphant.

Sakie Kekana.

Siphiwe Mhlambi.

Darly Mofokeng.

Vusi Mashabane.

Andy Matsega.

Ntombi Mekgwe.

Karthi Moothsamy.

John Radebe.

German Visser.

Mariana Incani.

Zakhela Galela.

## ANNEXURE B

**Additional candidates of the Greater Nigel Transitional Local Council mentioned in section 5 (4):**

STATUTORY COMPONENT

On behalf of Nigel Town Council: Mr Raymond Reginald Cann.

On behalf of Management Committee of Alra Park: Mr David Anthony Gough.

On behalf of Management Committee of Mackenzieville: Suleman Ismail Essop.

On behalf of Local Affairs Committee of Jameson Park: Mr Christiaan Frederik Harmse.

On behalf of the Conservative Party of S.A.: Mr Hendrik Myburgh Koekemoer.

On behalf of the National Party: Mr Johan Jansen van Rensburg.

On behalf of the Freedom Front: Mr Barend Gerhardus du Preez.

NON-STATUTORY COMPONENT

Betty Radebe.

E. J. Zini.

Rachan Anop.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Marcello Grassini.

Tommy Oliphant.

Sakie Kekana.

Siphiwe Mhlambi.

Darly Mofokeng.

Vusi Mashabane.

Andy Matsega.

Ntombi Mekgwe.

Karthi Moothsamy.

John Radebe.

German Visser.

Mariana Incani.

Zakhela Galela.

## AANHANGSEL B

**Addisionele kandidate van die Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel in artikel 5 (4) vermeld:**

STATUTÊRE KOMPONENT

Namens Stadsraad van Nigel: Mnr. Raymond Reginald Cann.

Namens Bestuurskomitee van Alra Park: Mnr. David Anthony Gough.

Namens Bestuurskomitee van Mackenzieville: Suleman Ismail Essop.

Namens Plaaslike Gebiedskomitee van Jameson Park: Mnr. Christiaan Frederik Harmse.

Namens die Konserwatiewe Party van S.A.: Mnr. Hendrik Myburgh Koekemoer.

Namens die Nasionale Party: Mnr. Johan Jansen van Rensburg.

Namens die Vryheids Front: Mnr. Barend Gerhardus du Preez.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Betty Radebe.

E. J. Zini.

Rachan Anop.

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| 42 | Local Government Transition Act (209/1993): Greater Nigel Transitional Local Council: Enactments | 1 | 5069 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| 42 | Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Plaaslike Oorgangsraad van Groter Nigel: Maatreëls | 1 | 5069 |


Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria